DFMOK

Liewe DF ouers

Hiermee dan ons eerste brief vir die jaar aan jul. Eerstens wil ons al die nuwe ouers hartlik welkom heet by ons skool. Ons hoop dat jul en jul kinders vinnig sal inskakel en sodoende deel raak van die DF familie.

Die volgende lede is op die OOV verkies vir 2009:

Klasverteenwoordigers:

Gr 8 Gr: Mev Bellinghan
Gr 8 Vi G. Labuschagne
Gr 8 Ho Elize Swart
Gr 8 Sc Karina Meyer

Gr 9 Sm: Riana van der Heever
Gr 9 Ro: Antoinette Claassen
Gr 9 An: Elaine Ferreira, Adele Alberts, Mariette Curtain
Gr 9 Bo: Zelda Kotze

Gr 10 Ha: Sandra Smith
Gr 10 Sz: Heidi Cronje
Gr 10 Cz: Cora Keller
Gr 10 Sa: Mari Jongkind

Gr 11 Ca: Maleen Theron, Pieter & Helena du Toit
Gr 11 Vz: Nellie van Heerden , Rubin Prinsloo
Gr 11 St: Mr Foreman
Gr 11 Od: Mile Vermaak

Gr 12 Rt Esme & Koos Nel
Gr 12 Jo Annette Ferreira
Gr 12 Oc Gerda Coetzee
Gr 12 Ki Elmarie Fouché, Ilse le Grange

OOV Bestuur:

Voorsitter:	Ilse le Grange
Onder-voorsitter:	Ronel Kotze
Tesourier:	Antoinette Claassen
Sekretaresse:	Rene Scholtz

Die OOV werk baie nou saam met DFMOK en hou veral lekker kuieraande een maal 'n maand wat jul nie moet misloop nie. So hou ons briewe en sms'e dop vir wanneer die volgende kuieraand sal wees.

Ons gee solank die volgende datums aan jul deur sodat jul dit kan opteken en oophou.

Op die **4 de Mei 2009** is daar ‘n **Kunsuitstalling** in ons skoolsaal. Dit sal in die vorm van ‘n **Kaas en Wyn/ vinger buffet wees**. Palmeiras Kuns vanaf die Paarl kom stal top kunstenaars, soos Portchie, At Botha, Estie Mostert, Sonette Olls, Munro, Phillip Britz, Paul Munro, Pieter Lessing, Estelle du Plessis. Die OOV reël hierdie aand en ons skool kan finansieel hierby baat. So kom ondersteun ons asseblief. Kaartjies sal vroeg in die nuwe kwartaal beskikbaar wees.

DF se gedenkweek is 11 – 15 Mei. Ons **gasspreker** by die Gedenklesing, Donderdagaand, 14 Mei, is **DFM Strauss**, kleinseun van DF Malherbe.

Vrydagaand, 15 Mei , is dit weer kabarettyd!! Hierdie jaar kom **Coenie de Villiers** vir ons kuier!!! Coenie de Villiers was al ‘n paar jaar gelede ook by DF en die van jul wat dit bygewoon het, sal onthou dat ons dit vreeslik geniet het.!! So moenie die kabaret mis nie! Kaartjies sal binnekort beskikbaar wees by die skool. Kry al jou vriende en maak ‘n tafel vol teen R1000 per tafel / R100 per persoon.

Geniet die res van die kwartaal!!
OOV Groete